

## Sondag 3 Mei

**Skrifgedeelte: Matteus 26:1-5, 14-16, 20-25**

**Fokusgedeelte: Matteus 26:14-15**

### **Wat is Jesus vir jou werd?**

**A**s ons na hierdie drie gelese gedeeltes kyk, sien ons 'n opvallende lyn regdeur al drie dele. Eers kom die priester- en familiehoofde saam met Kajafas die hoëpriester bymekaar en beplan saam Jesus se dood. Hulle beplan hoe hulle Jesus op 'n slinkse manier gaan laat doodmaak. Die tyd het aangebreek. Jesus moet nou dood. Hulle het met Hom probeer redeneer, maar baie keer moes hulle tot hulle eie skande wegstap. Nou is gevangeneeming en die dood die enigste opsie wat oorbly. Maar hoe en op watter grond en wanneer en waar? Dood moet 'n geldige klag hê, maar wat sal dit wees? Dit alles word nou by hierdie vergadering beplan.

Dis egter nie al nie. Uit die bloute kom Judas, een van Jesus se binne-12 navolgers. Hy sal Jesus vir hulle uitlewering vir 30 silwer muntstukke. Nie veel meer as 'n maand se loon nie. Dit speel so goed in die hand van die priesterhoofde. Ideaal. Hoe nader aan Jesus sy verraaier is, hoe beter. Hy is dan die man wat die sondebok gemaak sal kan word as die hele komplot dalk skeefloop. Dit help natuurlik ook om die lig van hulle af te haal en maak dat hulle bietjie in die agtergrond kan bly. Die planne word gemaak. Die verhoog is voorberei!

Die vraag is vandag: Wat is Jesus vir jou werd? Vir Judas was Hy niks meer werd as 'n maand se karige loon nie. Het Hy 'n prys vir jou, of besef jy dat jy nooit genoeg dankbaar sal kan wees vir die groot verlossing wat Hy vir jou en my gebring het nie? Vir Judas het Jesus 'n prys gehad (nie eers 'n baie hoë een nie). Erken en bely jy Jesus oor die "voordele" wat jy uit Hom kan kry, of omdat jy in 'n ware, opregte verhouding met Hom staan?

*Sing: Psalm 40-1:1, 5*

*Ds. IH Scholtz (Zak) (Bloempark)*